

Vroueblad

SEMESTER 2 VAN 2020



NG Heuwelkruin



HIERDIE VROUEBLAD IS MET BAIE LIEFDE
SAAMGESTEL DEUR HANNELIE DU RANDT,
CARLIZE SKEIN, EN MARIE-ELISE KLOPPER.
UITLEG : SONJA JANSEN

Finansies

BAIE DANKIE AAN ELKE
VROUELIDMAAT VIR GEREELDE
MAANDELIKSE BYDRAES OM DIE
VROEDIENS SE SOMME TE LAAT
KLOP. VERAL IN HIERDIE MOEILIKE
JAAR WAT ONS BELEEF, WORD ELKE
SENT OPREG WAARDEER.



Bydraes vir die Vrouediens kan as volg gedoen word:

Dankofferkoevert—spesifiseer die bedrag vir Vrouediens op die
koevert asb.

OF

Elektroniese inbetalings :

NG Gemeente Heuwelkruin
ABSA, reknr 470 583 266,
takkode : 632005

Verwysing: Vrouediens



Snap here to pay



SnapScan

DAGBOEK VIR 2021 !!!

14 Februarie	Poedingverkope (<i>C, D/F, E/G, N</i>)
24 Februarie	Kerkraadsvergadering (<i>verversings M, N</i>)
5 Maart	Wêreldbiddag vir Vroue
18 April	Poedingverkope (<i>H/I, J/K, M</i>)
9 Mei	Moedersdag
12 Mei	Kerkraadsvergadering (<i>verversings A, E/G, O</i>)
16—23 Mei	Pinkster
29 Mei	Doephuis bederfoggend
6 Junie	Pastaverkope (na die erediens)
20 Junie	Vadersdag
18 Julie	Vrouelidmate-inligtingsvergadering (<i>na erediens</i>)
25 Julie	Gemeenteverjaarsdagtee (<i>na die erediens</i>)
1 Augustus	Poedingverkope (<i>A, B, L, O</i>)
4 Augustus	Kerkraadsvergadering (<i>verversings C, D/F</i>)
14 Augustus	Vroueoggend : Alison Botha
15 Augustus	Hoede-Sondag
19—20 Sept	Gemeenteseminaar : Pieter v Jaarsveld
3 Oktober	Bederftee vir seniors (80+ jaar)
27 Oktober	Kerkraadsvergadering (<i>verversings B, J/K</i>)
29 Oktober	Basaar
21 November	Kerssangdiens

INTERESSANTHEDE OOR KERSFEES

Kersbome, nagereg en mans in groot rooi pakke is deel van die feestyd soos ons dit ken. Soos elke vakansiedag en feestyd sy eie tradisies het, het Kersfees ook 'n hele paar tradisies. Verskeie legendes bestaan oor die ontstaan van die kersboomtradisie.



Een so 'n legende is die van Martin Luther wat een oukersaand deur die woud geloop en die sterreheem bewonder het. Op pad terug het hy 'n klein boompie huis toe gevat en kerse op die takke daarvan gesit om die toneel wat hy in die woud gesien het na te maak.

Die stuur van kerskaartjies het in 1840 in Engeland begin toe die eerste pennieposstelsel in werking getree het. Oorspronklik is nie-godsdienstige prentjies op die voorblad gesit.

Al ooit gewonder wat die drie geskenke van die wyse manne aan die kindjie Jesus beteken?

Goud simboliseer 'n geskenk geskik vir 'n Koning. Wierook word ter ere van God gebrand. Mirre is gebruik as teken van menslike sterflikheid.



Iets oor die bekendste kersliedjie *Stille Nag*.

Stille Nag is deur die Oostenryker, Joseph Mohr geskryf in 1818. Hy het verneem dat die kerkorrel die dag voor Kersfees gebreek het en nie betyds herstel sou kon word vir Kersdag nie. Teleurgesteld en hartseer skryf hy drie strofes wat deur die kerkkoor met kitaarbegeleiding gesing kan word.

Stille Nag, Heilige Nag is vir die eerste keer tydens die middernagdiens in die St. Nicholas Kerk in Overndorf, Oostenryk, gesing. Vandag word die lied in meer as 180 tale deur miljoene mense gesing.

MAG ONS KERSFEES VIER?

(12 Desember 2018 in Beeld deur Stephan Joubert)

“Mag ons kersfees vier?” vra iemand.

Dadelik reageer iemand anders driftig: “Nee, ek is gekant teen kersbome en kersfeesgeskenke.”

“Hoekom?” vra eksel self verbaas.

“Kersfees is ’n heidense fees,” sê sy.

“Christene het dit dan deur die eeue ver-Christelik,” waag ek dit.

“Hulle het die fees ter ere van die songod rondom 25 Desember in die Romeinse Ryk omskep tot ’n fees ter ere van die koms van Christus.”

“Dis nogtans van heidense oorsprong,” antwoord sy.

“Nee wag, ons gee tog self betekenis aan alles in ons lewe.” Toe gaan ek voort: “Ons is nie lewenslange gevangenes van enigiets net omdat dit oorspronklik ’n ander betekenis gehad het nie. Hoe kan enige iets ‘heidens’ wees wanneer ons doelbewus kies om dit te vul met vars, Bybelse inhoude? Ons vier Kersfees tot Jesus se eer. Ons geskenke vertel sy verhale; so ook ons manier van feesvier.”

“Wat dan van ons getuienis?” vra sy.

“Wel, ons getuienis is juis dat ons reg leef en reg feesvier tot Jesus se eer.”

Geseënde Kersfees!



Kom wat wou.... ons het lekker basaar gehou!!!

Ons gemeente se jaarlikse saamkuier-geleentheid wat vir Vrydag, 23 Oktober 2020 beplan was, moes ongelukkig as gevolg van die Corona-virus en die gevolglike nasionale inperking vir eers op die langebaan geskuif word. Dit was sleg vir ons... Hoe gemaak om die finansies te laat klop? Bowenal verlang ons gemeentede na mekaar en is die behoefte groot, veral by die senior burgers, om bietjie te sosialiseer.

Gelukkig kon ons op baie kort kennisgewing met baie toewyding en passie van ons dominee, asook die basaarkomiteede, 'n aangepaste basaar reël vir 6 November, natuurlik ook met 'n gepaste naam: “*Hap-en-Stap Kuierfees*”.

Die vreugdevure (vir die wors, sosaties en potjiekos) is reeds vroegmiddag aangesteek en die rookseine is wyd en syd raakgesien. Koekies, terte, poedings, koeldranke en nog baie meer items het hul plek op die verkooptafels gevind. Baie gou was almal daar: met kieres, rolstoele, mandjies, hondjies en geld en is al die tafels in 'n japtrap leeg gekoop!

Daar is lekker gekuier, gekoop en gelag met masker en al. Die uiteinde was 'n groot bedrag!!

Ons het weer besef : Maskers maak ons monde toe, maar nie ons beursies nie! En nog minder sal dit 'n demper plaas op Heuwelkruin se oulike basaarspan!!!

Pieter Skein



HEUWELKRUIN JEUG

2020 was sinoniem met opwinding

Ons het die jaar opgewonde afgeskop, min wetend wat vir ons sou voorlê. Heuwelkruin se Jeug was opgewonde oor kategeese en Aliquando-uitreike, Doephuisbederf, jongvolwasse ringsbyeenkomstes, ringsjeug-aanbiddingsaande, #Imagine en selfs die uitdagende Amatola-staproete. Heuwelkruin se jeugprogram kon egter nie realiseer soos beplan was nie en vele aanpassings moes gemaak word.

2020 word sinoniem met Covid-19

Verskeie uitdagings het oor ons pad gekom, waarvan kategeese een van die grootstes was. Die kategete is uitgedaag om gedurende die grendeltydperk kontak te behou met katkisante en hul ouers, terwyl lesmateriaal ook aan hul gekommunikeer moes word. Tegnologie was 'n groot hulpmiddel, maar ook vir sommige van ons 'n redelike groot struikelblok.



Ons is dankbaar dat ons wel materiaal aan die ouers en katkisanter kon kommunikeer en bedank ook elke betrokke ouer wat getrou die lesse met hul kind/ers deurgewerk het. Ek wil graag ook elke kategeet opreg bedank vir hul tyd en moeite in hierdie tyd. Ek weet dit was uitdagend, maar 'n opregte dankie word aan elkeen van julle uitgespreek.

2020 sinoniem met positiwiteit

Hierdie unieke jaar is nie noodwendig net sinoniem met negatiwiteit, hopeloosheid en moedeloosheid nie. Ja, die grendeltydperk was nie altyd maklik nie en dit was 'n reuse uitdaging vir baie mense, maar dit was ook 'n tyd waaruit 'n hele paar positiewe dinge gespruit het. Vir ons as Jeug het van die kategete 'n rekenaar/selfoon vaardigheid aangeleer, ouers is die geleentheid gegee om gestruktureerde tyd saam hul kind/ers in God se Woord te spandeer, gesinstyd het baie meer aandag geniet, die lewe was minder gejaagd en tyd saam God was meer.

2020 is sinoniem met God

Mag ons vir mekaar sê, ongeag vir dit wat nie uitgewerk het soos beplan was nie, dat 2020 sinoniem is met God! God se goedheid, God genade, sy sorg, sy getrouheid, sy barmhartigheid en sy liefde! God is goed, selfs al is ons omstandighede nie. Ons dien 'n God van liefde en as 2020 ons een ding geleer het, is dit dat ons altyd op Hom kan vertrou.

Elna de Waal

'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop. – Spreuke 16:9

2020..... COVID 19 SKOOL....

Uit die oogpunt van 'n matriek

- deur Hanré Skein

Matriek is die jaar waarna elke hoërskoolleerder uitsien. 2020, 'n nuwe dekade. Die jaar van nuwe hoop en motivering...of so het ons almal gedink.

'n Matriekjaar op sy eie het alreeds uitdagings, wat uiterse deursettingsvermoë verg om te voltooi. In Maart vanjaar was daar slegs sprake van die sogenaamde Covid 19-virus. Almal het geglo dat die stories sou oorwaai, ongelukkig het niemand besef dat dit so 'n groot impak op die hele wêreld sou hê nie.

Die jaar het goed begin. Sport, kultuur en akademie was volstoom aan die gang en 2020 het as 'n belowende jaar voorgekom. Min wetend dat alles in 'n oogwink sou verander! Skielik moes leerders oor rekenaars skoolgaan. Nuwe vaardighede moes aangeleer word om Google Classroom, Discord en Zoom te bemeester. Party leerders het die grendeltydperiode as 'n vakansie beskou, omdat daar sprake was dat skole nie weer hierdie jaar sou oopmaak nie. Hierdie het ekstra druk op onderwysers geplaas toe die skool wél weer in Junie hulle deure oopgemaak het. Onderwysers het nie geweet waar om te vat of te los nie, aangesien nie alle leerders op dieselfde blaadjie was nie.

Skool was nie meer dieselfde nie. Leë rugbyvelde het bygedra tot 'n gevoel van verlies. Om nie jou vriende na maande se grendeltyd te kon omhels om hallo te sê nie, was 'n redelike aanpassing. Hoewel almal besef het dit was om veiligheidsredes, was dit steeds moeilik om nie 'n bal te kon rondgooi tussen die klaskamers nie. Dinge het drasties verander en skool met maskers, 1,5 m sosiale distansieëring en gereelde sanitering het die norm geword. Leerders wat op

sportbeurse staatgemaak het, moes vinning 'n plan B kry om te verseker dat hulle die nodige kwalifikasie kon verwerf vir die volgende hoofstuk van hul lewe.

2020 het vinning 'n jaar van motiveringspraatjies geword, om die matriekleerders te verseker dat alles reg sal uitwerk.

Ek glo dat die jaar nou wel nie perfek was nie en dat baie mense dit sleg ervaar het, maar in 'n mate is leerders gedwing om harder aan hul akademie te werk. Dit is juis waaroor skool gaan, nie waar nie.

Die lewe sal altyd vol uitdagings wees. Een ding weet ek verseker...die Here sal jou nie in 'n situasie plaas as Hy nie weet dat jy dit kan hanteer nie! Hierdie jaar is maar net nog 'n voorbeeld van hoe God na sy kinders omsien.

Daar is baie slegte dinge wat 'n mens oor 2020 kan sê, maar eerder as om op die slegte dinge te fokus en dinge vooruit te loop, leef dag-vir-dag. Dit is die enigste manier om staande te bly in 'n wêreld wat gevul is met chaos.

Die lewe is kort, leef voluit!

Een ding wat ek kan noem wat my regtig gehelp het om dit sover te maak, is dat ek aanhou hoop, bid en vertrou het. Ons vergeet soms die grootheid van ons Skepper, omdat ons te veel op die negatiewe dinge in die lewe fokus.



As jy oor 10 jaar terug dink aan die jaar 2020, gaan jy net die sleg onthou? Of gaan jy die goeie najaag?

Gogga druk ons in 'n boks

- *deur Christi Dempers, gr. 12, Oranje Meisieskool*

Ek het altyd gedink dis beter om buite die boks te lewe. Om van een avontuur na die volgende te jaag. Ek het daarvan gedroom om die heldin in 'n spannende boek te wees. En toe kom COVID-19....

Aanvanklik het die virus my bas gered toe ons Wiskunde-eksamen uitgestel moes word, en wou ek juig toe ek hoor dat ons vakansie verleng gaan word. Toe begin die virus 'n werklikheid word. Ek onthou hoe ons met groot oë na die president gestaar het en besef het wat op ons wag. Die verlengde vakansie verander na grendeltyd.

Kort voor lank moes ons teruggaan skool toe. Die keer van agter 'n skerm in my kamer – alleen. 'n Vervlakste vlermuis het my matriekjaar op sy kop gekeer.

Die verlange het gou gevolg. Ek het my maats gemis. Ek het die skool gemis. Ek het dit gemis om die minute af te tel voor pouse en om wakker te probeer bly in Afrikaans. Ek het my stywe matriekrump en ophardloop by die matriektrappe gemis. Ek het selfs die dubbele Skeinatperiodes waarna ek altyd opgesien het, begin mis.

En toe ek ophou verlang het, het ek begin hoop. Ek het gehoop dat ons nog eindeksamen sal kan skryf. Ek het gehoop dat ek my maats weer sal kan sien. Ek het gehoop dat ons kan terugkeer na normaal.

Ek het die jaar geleer dat die lewe buite die boks nie altyd so opwindend is nie. Dat die ongelooflike eintlik in 'n doodgewone lewe versteek is.



GOD se genade dra my.
Dit is al wat ek weet.
Al wat ek nodig het.



Tuindag 11 Oktober 2020

Tuinmaak is mos lekker!
En soveel te meer as jy 'n
plantjie gratis by die kerk
kry om te plant.



Welgedaan aan vanjaar se 2 slimkoppe, Isabel
Spies en oom **Piet Heckroodt**, wat al ds Mauritz se
vrae kon beantwoord met die Bybelvasvra.

KERSFEES

Sommige mense se hele lewe straal die kenmerkende lig van Kersfees uit.



Die klein, blonde seuntjie op die strand kon nie anders as om aandag te trek nie. Die uitgelatenheid waarmee hy die see instorm en dan laggend in die vlak water neerval, was aansteeklik. Later sluit pa en ma by hom aan. Met sy geel krieketkolfie speel hulle op die sand. Die laggende gesin het my gefassineer. Toe hulle later huis toe stap, vind ek uit hulle houthuisie is langs my vriende se woonstel wat ek vir die vakansie huur.

Dit was die dag voor Kersfees. Die aand wonder ek wat dit is van die gesinnetjie wat my so aantrek. Ek is in die middel van my studiejaar en is vuisvoos na 'n jaar van mislukte verhoudings en verkeerde besluite. Die volgende oggend knoop ek 'n geselsie met die pa aan. Hy en sy vrou is onderwysers en het 'n groot passie vir kinders en skoolhou. Die volgende oggend kom ma en seun alleen strand toe. Hy begin met my gesels, hy lispel en kan nog nie 'n "R" sê nie.

'Oom, vanaand kom KEHLSVADEL.'

"Weet jy wat hy vir jou gaan bring?" vra ek.

"Ek wetie oom, maal ek hoop dith 'n lollie."

Die kinderlike onskuld het my diep geraak. Toe ek huis toe stap, loer ek vlugtig by hul houthuisie in. 'n Droë tak is staangemaak in 'n emmer sand en versier met klippies en skulpies wat hulle opgetel het. Teen skemer het die ma 'n paar kerse aangesteek.

Dit was die mooiste kersboom wat ek nog gesien het.

Later het ek gesien hoe die pa in sy motor 'n wit laken om hom drapeer, watter op sy gesig plak, 'n wit sak optel en aan die deur gaan klop. Die seuntjie maak die voordeur oop en die wit kersvader – wat meer soos 'n spook gelyk het – word ingenooi. In die sak was net drie geskenkies – EEN vir elk. Die seuntjie het syne met gretige handjies oopgeskeur. Binne-in was 'n bloedrooi vragmotortjie. Kersvader en ma het elkeen 'n warm drukkie gekry.

Later het pa teruggekom met 'n koeldrank – die verskoning vir sy afwesigheid – en moes alles hoor van die opgewonde seuntjie. Hierna het hulle op die stoep gaan sit en kon ek sien hoe die pa uit die Bybel lees, hulle hande vat en bid. My hart was seer oor die skoonheid van die Kerstoneel wat voor my afgespeel het. Miskien was dit die opregtheid en die eenvoud daarvan? Die volgende oggend op die strand het die klein seuntjie se vertellings iets van die eenvoud, liefde, vreugde en warmte van Kersfees in my wakker gemaak. Hy het ook sy “lollie” vir my gewys. Sy antwoord op my vraag of hy eendag vragmotors wil bestuur, het my laat besef wat die rede was waarom hierdie gesin my so fassineer het.

“Oom, ek weet nog nie wat Liewe Jesus met my gaan maak nie?”

Ek het oornag 'n ryper mens geword, want op 'n manier het hierdie gesin die lig van Kersfees met hulle lewe uitgeleef.

Met erkenning aan Christo van Staden – Volksblad



Belydenisklasfunksie en Belydenisaflegging van 2020

- Hannelie du Randt



Op 'n snikheet Sondagmiddag van 18 Oktober 2020 het die belydenisklas en hulle ouers vir oulaas saam met ds. Mauritz en sy vrou, Sonja, oom Herklaas Smit en die Jeugkommissieleier, Elna de Waal, 'n lekker kuiergeleentheid bygewoon om die jaar op 'n gepaste wyse af te sluit. Ds Mauritz bedank

die ouers en belydenisklaskinders vir hulle opofferings in hierdie Covid-jaar om op 'n Sondagmiddag die kinders vir hulle kategeseklas na die kerk te bring. Op Sondagoggend, 8 November 2020 word die volgende belydende lidmate aan die gemeente voorgestel:

Marlé Strauss	Sebiene le Roux	Alicia Cilliers
Ulrich Marais	Charles Vertue	Berman Richter

Ds Mauritz se boodskap vir elke belydende lidmaat kom uit Spreuke 3:1-12 met vers 6 as teksvers: “Ken Hom in al jou weë, en Hy sal jou paaie reguit maak.” Die gelowige se geloofsreis bestaan uit verskeie padmerkers en jou lewe is soos 'n pelgrimstog van jou geboorte af, jou doop, jou skoolloopbaan, jou belydenisaflegging tot by jou dood wanneer jy hemel toe gaan. Vandag is nie die eindpunt nie, maar net nog 'n raakmerk op jou geloofsreis. Hierdie skrif gee vir 'n mens ses rigtingwysers vir die lewe.

- 1) Onthou wat jou ouers jou leer
- 2) Hê lief met oorgawe.
- 3) Volg die Here, stap op die pad wat Hy vir jou wys.
- 4) Ken die Woord van die Here leer by Hom.
- 5) Gee sonder voorbehoud, leef met 'n oop hand.
- 6) Aanvaar die lewe se swaarkry, laat Hy jou jou 'n beter mens maak.



Elke belydende lidmaat ontvang 'n nuwe 2020-vertaling Bybel en 'n leerboekmerk as geskenk met die teksvers op as 'n herinnering van hierdie dag wat hul in ons gemeente belydenis van geloof afgelê het.

'n Gebed van 'n belydende lidmaat

Here Jesus,

*baie dankie dat ek vanoggend voor die gemeente kon bely
dat ek U gekies het.*

*Ek aanvaar u Woord as die kompas vir my lewe, en wil U
graag gehoorsaam en dien as 'n volwaardige lidmaat van u kerk.*

*Dankie dat ek vanjaar kon leer wat die belydenisskrifte
van die kerk beteken en opnuut kon besef dat U my Here en Verlosser is.*

Dankie vir die voorreg om deel te kan wees van u gemeente.

*Help my om van nou af my talente in u diens te gebruik, 'n entoesiastiese
lidmaat te wees en te volhard in die dinge wat ek vanjaar geleer het.*

*Here, help my ook om teen die sonde te stry,
om U lief te hê en vir U te werk.*

Ek wil graag u Naam bely voor my ouers, my maats en die gemeente.

*Gee dat ek die res van my lewe sal leef soos ek vanoggend
beloof het om te doen. help my daartoe, Here.*

AMEN



'N BRIEF AAN ELKE VROU

deur Andre Schwartz

Daar gaan dae wees wanneer jy jou kop gaan laat sak en jou trane op die vloer sien val. Dit gaan pyn, dit gaan ruk aan die dele van jou hart en siel wat die heel kwesbaarste is.

Die dele wat jy gewoonlik vermy en toegebou het. Die dele wat jy die liefste het, en die bangste voor is. Die dele wat liefde dra. Ou liefde, nuwe liefde, verlore liefde.

Daar gaan dae wees wanneer jy jou kroon gaan laat val en nou en dan 'n dag wat jy jou kroon gaan gooi! Jy gaan dae ervaar wanneer *mascarra* 'n mors van tyd was en jou *lipstick* op natgehuilde *tissues* sal beland.

Jy gaan ook dae hê wat jou *favourite jeans* nie meer gaan pas nie en jou *go-to* toppie in jou kas 'n *back-up* lap word. Net omdat sekere dinge tydelik is, beteken nie dit was enigsins minder poëties en waardevol nie.

En dan gaan daar 'n dag kom wat jy besef dis okay. Dis okay om nie elke dag alles bymekaar te hê nie. Dis okay om te val. Dis okay om kwaad te wees en pyn te voel en dis okay om vrae te vra. Hierdie dag bring groei vir jou siel. Hierdie dag bring verandering. Karakter. Hierdie dag bring genesing saam met die seer. Hierdie dag bring die vorm van jou hart.

Aanvaar die lewe met al sy goeie dae, al sy slegter dae en al sy *in-betweens*. *Embrace the glorious mess that you are!* Of jy dit nou in *designer heels* doen en of jy twee verskillende sokkies aan het soos ek ... Jy is alles werd! Jy is geluk werd. Jy is liefde werd! Jy is 'n prins werd. Jy is die held in die storie werd! Jy verdien die wêreld! Jy is 'n meesterstuk. Jy is vrou. Jy is nodig. Jy is God se meesterstuk, God se prinses!

Hierdie is vir elke mamma en vrou wat in nederigheid die Here dien, mag julle so geseënd wees in Jesus Naam.♡

TRIFLE IDEES vir KERSFEES!!!

TROPIESE TRIFLE

2 Pakkies Vingerbeskuitjies of *Swiss roll*

410 g Blik Mangoskywe of vars mangoskywe

2 Kiwivrugte, geskil en in skyfies gesny

1 Blikkie grenadillapulp

550 ml Melk

60 ml Vlapoeier

40 ml Suiker

125 ml Geklitste Room

Gebruik bietjie lemoensap in die plek van die mango-stroop as jy vars mango's gebruik.



Metode

Dreineer mango's en hou die stroop. Meng vlapoeier met 50 ml melk. Kook melk en voeg vlapoeiermengsel by. Voeg suiker by vla en roer tot dik. Pak helfte van beskuitjies in bak. Gooi stroop oor beskuitjies. Gooi helfte van vla oor beskuitjies. Gooi mangoskywe oor en paar stukkies kiwivrugte. Pak dan die ander helfte beskuitjies op. Gooi die ander helfte van die vla oor. Plaas in yskas tot geset. Versier met room, skywe mango, kiwivrugte en die grenadillapulp.

Pak jou aarbeie teen die kante van jou bak vir mooi versiering.



Nog 'n idee om sommer in 'n glas *trifle* te maak met vingerbeskuitjies. Pak beskuitjies in glas, dan jou vrugte en vla en neu te en room. Hier kan jy skeppies roomys ook insit. Maak die verkieslik net voor o pdiening as die roomys gebruik word.

Maak vir elkeen sy eie *trifle*. Maak jellie aan, gooi vrugte en jellie onder in glas, sit in yskas tot gestol. Sit dan vla, room en vars vrugte bo-op.



Die Gees van Kersfees

“Ek is die gees van die Kersfees: Ek kom die huis van armoede binne en veroorsaak dat kinders se gesiggies straal.

Ek veroorsaak dat die bejaarde sy jeug vernuwe en weer op die ou, gelukkige manier lag.

Ek hou die romanse lewendig in die harte van die jeug en verlig hulle slaap met drome van wonderwerke.

Ek veroorsaak dat ywerige voete donker trappe klim om harte te verbly met die goedheid van die wêreld.

Ek veroorsaak dat die verlore seun ‘n oomblik aarsel in sy wilde, spandabelrigge lewenstyl en aan angstige geliefdes ‘n klein gebaar stuur wat trane bring; trane wat die spore van diepe droefheid wegvee.

Ek gaan donker tronkselle binne om die verwronge mensdom te herinner aan wat kon gewees het en vorentoe te wys na goeie dae wat nog kan kom.

Ek loop saggies die stil, wit huis van pyn binne waar lippe te swak is om te praat en net maar in stille, onhoorbare dankbaarheid bewe.

Op duisende maniere veroorsaak ek dat die droewige wêreld opkyk na die gesig van God en om vir ‘n kort wyle die dinge wat kleinlik en ellendig is te vergeet. “

“Ek is die gees van die Kersfees!”

- EC Baird



Mikrogolf Vrugtekoek Muffins

Lewer 24 muffins

Bereiding: 20-25 minute

Gaarmaaktyd: 4 minute per 6 op hoog

Ons het dit in muffinpannetjies gebak – dan kos dit jou net 4 minute om 'n baksel van 6 te maak. Gebruik 2 bakke, elk 18 cm in deursnee en 6 cm diep. Onthou om dit op 'n omgekeerde bord in die mikrogolfoond te plaas.

Bestanddele:

500 g droë vrugtekoekmengsel
250 g dadels, fyn gekap
250 ml (1 k) sagte bruinsuiker
150 g botter, sag
250 ml (1 k) warm water
30 ml (2 e) kakao
10 ml (2 t) koeksoda
500 ml (2 k) bruismeel
5 ml (1 t) gemengde speserye
1 ml (¼ t) sout
3 ekstra groot eiers, geklits
150 ml brandewyn
100 g glanskersies, grof gekap

250 ml (1 k) gemengde neute, grof gekap
versiersuiker vir afronding



Metode:

1. Plaas die vrugtekoekmengsel, dadels, suiker, botter, water en kakao in 'n mikrogolfoondbak en plaas dit 4 minute in die mikrogolfoond. Roer goed en mikrogolf nog 4 minute.
2. Roer die koeksoda by en laat afkoel.
3. Sif die meel, gemengde speserye en sout en vou by die mengsel. Roer die eiers, brandewyn, neute en kersies by en skep die holtes van gespuite silikon-muffinpannetjies driekwart vol.
4. Bak 4 minute op 'n slag op hoog.
5. Herhaal met die res van die beslag. Stuif die versiersuiker oor.

Bron: Huisgenoot

Die 2020-Bybel

Jy kan nie vir jouself en/of jou geliefdes 'n beter Kersgeskenk gee nie as die 2020-vertaling van die Bybel. Dit is uniek om verskeie redes. Jy kan by die Bybelhuis kies tussen 'n hardeband-uitgawe vir slegs R129 of ietwat duurder uitgawes soos die uitgawe met die apokriewe boeke agterin. (R129 vir 'n biblioteek van 66 boeke – wat 'n winskoop!!) Die grootdruk-uitgawe sal blykbaar eers later te koop wees.

Alle kerke wat Afrikaans in eredienste gebruik, het reeds in 1997 ná die 1983-vertaling gevra vir 'n nuwe vertaling. Die eerste werksvergadering is in 2006 gehou en die 2020-vertaling is in Julie 2019 goedgekeur. Altesaam 142 teoloë, taalkundiges en letterkundiges van verskeie kerke het aan die vertaling gewerk. Hulle doel was om 'n vertaling in goed verstaanbare Afrikaans, van hoë letterkundige gehalte, te lewer. Dit is 'n direkte vertaling, asof die Bybelskrywers in hul eie woorde duisende jare gelede self praat.

Die teks is getrou aan die brontale: Hebreeus (OT) en Grieks en Aramees (NT). Woorde soos sikkels, el en dagreis verskyn in die teks maar elke bladsy bevat talle **voetnote** wat sulke woorde en baie ander dinge in die teks verduidelik. Die 2020-vertaling is 'n fees vir die ware Bybel-student! Agterin die Bybel word 36 bladsye afgestaan aan 'n **Woordelys**, wat die wêreld van die Bybel bondig ophelder. Verrassend is 'n **Tabel** of twee wat verduidelik watter keisers en prokurators wanneer en waar geregeer het. Dertien **kaarte** in verskillende Bybeltye maak jou lus om die Bybel van vooraf te leer ken. Maak ook seker dat jy die beknopte **Inleiding** by elke Bybelboek lees. So leer jy meer van die skrywer, doel, ontstaanstyd en –plek en boodskap.

Lees die **Voorwoord** sorgvuldig. Daarin is onder meer 'n hele klomp Hebreeuse name van God opgeteken, met hul uitspraak en betekenis. Die name van die OT-boeke is soos dit in die 1983-vertaling was. By die NT-boeke kry Korinthiërs en Thessalonisense nou elk 'n **h**. Sekerlik 'n groot verbetering is dat waar in die grondtale woorde as poësie bedoel was, word dit in die 2020-vertaling as poësie geskryf. So is feitlik die hele Job en Psalms in digvorm.

Kom ons kyk na 'n paar verse in die 2020-vertaling:

Josua was nie so bevoorreg soos ons om 'n Bybel te besit nie. Lees in Jos 1:8 hoe stuur God hom die Beloofde Land in: *“Hierdie boekrol van die wet mag nie uit jou mond verdwyn nie. Jy moet dit dag en nag mymerend prewel, sodat jy alles wat daarin geskryf is, nougeset kan nakom, want dan sal jy voorspoedig wees op jou pad, dan sal jy sukses behaal.”* (Voetnoot: mymerend prewel: Die Hebreeuse woord verwys na die gebruik om die Tien Gebooe voortdurend saggies vir jouself op te sê; Kruisverwysing: Ps 1:2)

Die geliefde Ps 23:4: *“Selfs as ek in die donkerste kloof ingaan, is ek nie bang vir gevaar nie, want U is by my. Dit is u staf en u stok wat my gerusstel.”* (Voetnoot: donkerste kloof: word ook vertaal as “dal van doodskaduwee”.) Die bekende kategeteks: Ps 119:9: *“Hoe sal 'n jongmens sy lewenspad suiwer hou? Deur te hou by u woord.”*

Ons weet, met hierdie 2020-vertaling (sal My woord) *“nie vrugtelos na My terugkeer nie* (Jes 55:11).

Stoffel Cilliers

Die ideale Kersgeskenk vir jouself en jou geliefdes!

BESEMBOS-KIND



Hier waar ons vandag is, Here, lewe ons so koes-koes onder die besembosse deur. Nes Elia. Ons weghardloop-wegkruip-oomblikke lyk net so 'n klein bietjie anders as die besembos van die Bybel.

Ons vlug vandag onder ons besembos in terwyl ons stil-stil 'n masker dra, en hoop alles gaan sommer net weg. Ons vlug onder ons besembos in wanneer ons hart se mens 'n lê-plekkie in die hospitaal kry, en ons nie daar naby mag gaan nie. Ons vlug onder ons besembos in wanneer ons werk sy deure toemaak en ons wonder waar ons geld gaan kry om deur môre te kom. Ons vlug onder ons besembos in wanneer ons ons jongste op die skool se sypaadjie agterlaat, klein en alleen, net met 'n masker en voetspoortjie wat hom wys waar hy moet staan. Ons vlug onder ons besembos in wanneer die virus sy kloue in ons huwelik inslaan, wanneer ons baklei, sommer net omdat ons almal bang en onseker is. Ons vlug onder ons besembos in wanneer ons na ons hartsense daar ver verlang... Ja, Here, ons vlug na ons besembosse toe as ons magteloos staan teen elke plaasaanval, elke stukkie geweld in hierdie land.

Ons besembosse lyk dalk 'n klein bietjie anders as die Bybel se besembos. Daardie besembos het blare en takke gehad - ons vlug na die veiligheid van ons eie hart, daar waar niemand ons kan sien en

seermaak nie. Ons raak stil, raak sommer net weg sonder dat iemand dit agterkom. Ons besembosse lyk dalk 'n klein bietjie anders, maar dit pla U nie, want U is steeds dieselfde God.

U weet van die plek waar ons wegkruip vir die wêreld. U stap nooit verby 'n besembos nie. Nee, Here. As een van u kinders verward en stukkend onder 'n besembos gaan lê, is U die Een wat stil-versigtig die takke wegskuif, u hand sag op ons skouer lê en stil vir ons sê: "Kom, eet iets, anders gaan die pad vir jou te lank word." En wanneer U ons versorg het, vir 'n rukkie langs ons gesit het en seker gemaak het ons het genoeg krag vir die pad wat voor ons lê, stap U stil saam met ons verder.

En iewers êrens op hierdie woestynpad, Here, is dit U wat sag vir ons vra: "Wat maak jy hier . . .?" En dan borrel dit so deurmekaar soos Elia se woorde daar in die besembos-woestyn . . . dan vertel ons vir U van die stukkend nadat ons kind doodgegaan het, van die onsekerheid en angs oor ons werk wat toemaak, van ons bekommerd-wees oor die finansies, die kinders, die skool. Van ons hartseer oor 'n geliefde wat in ICU lê. Dan vertel ons vir U van die verlang na ons hart se mense, van ons wakker-lê elke nag. En wanneer ons klaar vir U vertel het, Here, is dit U wat stil langs ons sit en ons rustig maak. Vir ons weer en weer wys dat U groter is as die bos en die woestyn in ons lewe. Wanneer ons klaar vir U vertel het, is dit U wat stil weer vir ons die pad wys wat ons moet verder loop, nes destyds vir Elia.

Dankie dat U nie skrik vir ons besembosse nie, Here. Dankie dat U nooit 'n besembos mis of sommer net ongeërg verbyloop nie. Dankie dat u kinders se besembosse vir U saakmaak. So baie saakmaak dat U nie omgee hoe lank U by 'n besembos moet stilstaan nie. Solank die een wat onder die bos lê, net weet dat U daar is en dat U nie gaan weggaan nie. Nooit gaan weggaan nie. Dis vir U belangrik, Here. Dankie dat U geduldig is, ook met my, u besembos-kind.

Emosionele Intelligensie-boeke



Dr Julie Cilliers

Dr Cilliers het in 2004 haar Ph.D by Kopsies behaal. Hiertydens standaardiseer sy die enigste meetinstrument wat emosionele intelligensie meet. Sy praktiseer sedert 2000 en sien talle dierbare kindertjies wat haar aan die skryf gesit het. Sy het ook 'n onderwysagtergrond. Sy is die trotse ma van twee kinders.

Die volgende boeke is beskikbaar soos geskryf deur dr Cilliers:

1. Flieka Woef is bang vir die donker (vir 'n kind wat bang is vir die donker)
2. Kallie Woef kry 'n baba boetie (vir 'n kind wat 'n nuwe baba in die gesin verwelkom)
3. Kallie Woef vind uit hy is spesiaal (vir 'n kind met 'n lae selfbeeld)
4. Flieka Woef gaan tandarts toe (vir 'n kind wat bang is vir die tandarts)
5. Flieka Woef leer wag (vir 'n kind wat nie kan wag nie)
6. Kallie Woef se slegte dag in krieket (vir 'n kind met 'n sportteurstelling)
7. Pappa Woef word siek (vir 'n kind met 'n siek ouer)
8. Kallie Woef word geboelie (vir 'n kind wat geboelie word / was)
9. Flieka Woef gaan hospital toe (vir 'n kind wat bang is om hospital toe te gaan)
10. Pappa Woef se kar kry 'n pap band (vir 'n kind wat moeilike situasies moet oorkom)

OOK IN ENGELS BESKIKBAAR!

Geskryf deur : Dr Julie Cilliers / Geïllustreer deur Adri Gouws / Uitleg en drukwerk : Edunation

Edunation Opvoedkundige Produkte en Speelgoed

Oldsweg 47A, Spitskop Tel: 051 446 5075 / 083 943 3510 /

admin@edunation.co.za



Hy is nie “die Man daarbo nie”...

(Goeie nuus : Stephan Joubert)



“Die Man daarbo.” So word die Here soms genoem. “The man upstairs.” Dit is nie reg nie. Jesus sê so. Hy is Immanuel. Dit beteken: God by ons. So sê die engel wanneer hy Jesus se geboorte aankondig in Matteus 1. Ook hoor die dissipels dit eerstehands in Matteus 28 as Jesus op die punt staan om terug te keer na sy Vader se hemelse huis. Dan sê Hyself vir hulle: “Ek is by julle al die dae tot aan die einde van die wêreld.”

God bly nie net iewers daarbo nie. Hy hou ons nie maar net dop “from a distance” nie. Jesus het regtig mens geword. In ons wêreld waar almal deesdae gode en superhelde wil wees, het Jesus gekies om mens wees. Hy het ons pyn gevoel. Hy het ons laste kom dra. Hy het in ons plek presies dit kom betaal wat ons nooit kan betaal nie- al ons skuld by God. Jesus het ’n brug gebou al die pad vanaf die hemel en terug. Hy is regtig Immanuel.

Die Christusfees is vir almal

‘n Leraar het een Christusfees ‘n ou, blinde dame gaan besoek. In haar huis was ‘n helderverligte en kleurvolle Kersfeesboom. Hy vra haar toe of sy dit elke jaar doen.



“Ja”, sê sy, “dit is een van die groot dinge wat ek doen. Ek sien altyd daarna uit. My suster se seun bring elke jaar vir my die boom en dan versier ons dit”.

Die leraar was verstom oor hierdie blinde vrou met haar versierde Kersboom. Hy sê toe vir haar dat hy nie wil aanstoot gee nie, maar hy verstaan dit eenvoudig nie...

Die dierbare vrou draai toe haar kop na hom toe en sê: “Dominee, nie almal is blind nie.”

- *Bob Brown*

Die BABA van die Christusfees

‘n Dogtertjie het aan ‘n maatjie verduidelik: “Kersfees is daardie dag toe God by die trappe van die hemel afgekom het met ‘n Babatjie in sy arms.”



- *Eugene Sterner*

Die ware sîn van die Christusfees



Twee vriende het 'n ernstige uitval gehad en hulle vriendskap is verbreek. Na 'n tyd het die een vriend besef dat hulle nie so kan lewe nie: dit was dan so 'n goeie vriendskap. Hy skryf toe 'n brief aan sy eertydse vriend en pleit dat hulle vrede maak. Hy kry egter geen antwoord op sy brief nie. Maar hy

het nie moedeloos geword nie en weer geskryf... en weer... en weer. Op 'n bitterkoue wintersnag besluit hy toe om self na sy vriend toe te gaan en persoonlik by hom te pleit: "Kom ons maak vrede!" Deur tierende winde en sneeu heen reis hy na sy vriend se huis. By die oop deur herhaal hy weer die pleidooi. Sal sy vriend sy verskoning aanvaar? Sal hy nou "ja" sê?

God is die Vriend. In die paradys het daar kwaai-vriendskap tussen God en sy mense gekom. God het deur sy profete baie liefdevolle briewe geskryf. Toe het Hy self in die persoon van Jesus gekom. Het jy al vir hom "ja" gesê? Martin Luther het gesê: "Al is Christus duisendmaal in Betlehem gebore, maar nog nie in jou hart nie, is dit vir jou 'n nuttelose gebeurtenis."

- William Barclay

*“Die Woord het mens geword
en onder ons kom woon. Ons
het sy heerlikheid gesien, die
heerlikheid wat Hy as die
enigste Seun van die Vader
het, vol genade en waarheid.”*

~ Johannes 1 : 14

